




Rietfluit familiebrief November / Desember 2006



Seënwense vir elke lidmaat

Dankie vir elkeen wat hierdie jaar deelgeneem het om saam met ons God se groeiplan te ontdek en dit met nuwe oorgawe uit te leef!

Mag jy hierdie feestyd bewus word van God se spesiale liefde vir jou.

Mag die Kind van die krip, Koning van jou lewe wees.
Mag jy leef as 'n geliefde van die Here wat liefde aan ander deurgee.

Mag God Sy doel in en deur jou lewe bereik in 2007!
Mag jy die vreugde in 2007 ervaar om aan jou Godgegewe doel te beantwoord.

God gee regtig vir jou om! Ons gee ook saam met God vir jou om!

Geniet al God se goeie gawes hierdie feestyd.

Die Leraargesinne




Desember Program

- Son 3 Des –
- 9:00 Oggenddiens / Doop
- 18:30 Aanddiens
- Son 10 Des –
- 9:00 Oggenddiens
- 18:30 Kersliedere by Kerslig
- Sat 16 Des – 8:00 Geloftediens (spesiale dankoffer vir Bybelverspreiding)
- Son 17 Des –
- 9:00 Oggenddiens Geen aanddiens nie
- Maan 25 Des
- 8:00 Kersdiens (spesiale kersooffer Jakaranda Kinderhuis Huis 4)
- Son 31 Des
- 9:00 Oggenddiens
- 18:30 Oujaarsdiens

2006 Jaar van Gebed

Gebed met Kersfees

Dankie Here, dat U ons so liefgehad het dat U op so 'n praktiese wyse, duidelike en spesifieke wyse gekom het.



Dankie dat U die taal gevind het wat almal kan verstaan;

En dankie, vir die ontroerende nederigheid wat die grondslag van u majesteit is.

Dit is waarom elke knie voor die Naam van Jesus sal buig.



DIENS VAN BARMHARTIGHEID



10 Desember 2006

Kersliedere by Kerslig om 18:30

'n Prag aand om die ongeveer 30 werksoekers van Jakob se Put as gaste te ontvang en te onthaal. Hierdie omgeediens is 'n uitreikgeleentheid om die visie van die gemeente op praktiese wyse uit te leef.

Brood vir Nood: Wees die hande en vingers van Jesus in hierdie wêreld


Brood vir Nood wil werklik 'n verskil maak in elke mens se lewe wat ons pad mag kruis.

Mag elkeen in hierdie Kerstyd ook hierdie visie uitleef in ons uitreik ná en hulpverlening aan "verlamdes, blindes, gebreklikes, dowes en nog baie ander" (Matt 15:30). Sodat hulle verwonderd sal wees en God sal prys!(Matt 15:31).

Ná Jesus se hemelvaart gebruik Hy sy kerk, sy kinders (dus vir u en my) om 'n verskil in ander mense se lewens te maak. Ons moet die hande en vingers van Jesus in hierdie wêreld wees! Ds Leon van Heerden



Welkom aan nuwe intrekkeers:



*Chris & Susan Labuschagne
met Tanya, Michael
en baba Chanté*

Cecile Croucamp



Johan & Lallie Hattingh



**Laat ons juig
en bly wees
die Verlosser
is gebore**



Senior Lidmate bediening

'n Geseënde Christusfees aan elke senior, hul kinders en kleinkinders, mag u die Here se nabyheid in 2007 ervaar! Onthou die volgende vir 2007:

- *Weeklikse vervoerdiens na en van winkelsentrums*
- *Kruideniersdiens en aankope namens Seniors*
- *Koekverkoop vir elke eerste Saterdag van die maand*

10de Maand-dankoffers

Ons loof en prys die Here vir oor die R65 000 wat as 10de maand-dankoffers inbetaal is. Dankie vir u oop hart en hand.



Dankie sê-woorde saam met die 10de Maand-dankoffers

Ek dank God vir al Sy liefde wat ons elke dag so onverdiend ontvang in die vorm van gesondheid, vreugde en 'n besonderse geestelike tuiste - Rietfontein-Suid gemeente.

Here, U is my lewe, U sorg vir my. Wat ek ontvang kom alles van U af. 'n Pragtige deel is vir my afgemeet, en wat ek ontvang het is vir my mooi."

Ons dank aan die Hemelse Vader vir goeie gesondheid die afgelope jaar, ten spyte van die aftakeling van hoë ouderdom. Dat ons brein nog helder kon funksioneer en geheue nie agteruit gegaan het nie. Dat ons nog in ons mooi land ons geloof

"Ek dank God vir liefde, gesondheid, dat U elkeen omvou, baie dinge het in 2006 gebeur, maar U vat ons hand en lei ons deur."

"Ek dank God vir die reën, vir vergiffenis, vir Sy genade."

"Ek dank God vir die 40-dae van geestelike vernuwning wat nog vir jare vrugte sal dra!

"My dank en aanbidding aan ons Almagtige God vir die voorreg om Hom saam met my lewensmaat te dien, vir voorregte en sovele seën uit Sy Hand"

2007 is die jaar van praktiese Christenskap

In Rietfontein-Suid gaan ons DV die hele jaar wy aan *geleefde Christenskap* of ook genoem **24/7 Christenwees**. Ons gaan in die prediking en kleingroepe dwarsdeur die jaar by die bergprediking in Matteus 5-7 stilstaan.


Dit gaan jou lewe verander en verryk! Dit grootste behoefte van ons tyd is nie méér kennis en gepraat nie, maar die praktiese uitlêf van ons christenskap.

Die antwoord *hoe* om dit te doen gee die Here Jesus self in Sy woorde in die bergpreek!

Maak gereed vir 'n wonderlike reis. Ons sien uit om saam met jou op reis te gaan deur Matteus 5-7 in 2007!

Vrouebediening

Deur die inisiatief van Brenda Barnard, Lettie van Biljon en gewillige vanjaar vele veranderings plaasgevind. Dis nie net die gebedskamer nie, maar ons onthou ook met smaak die damesbadkamer en saalvoorportaal wat 'n gedaantewisseling ondergaan het. Hul wonderlike gesindheid is so aansteeklik dat vele vroueharte en hande ook 'n gesindheidsverandering ondergaan het om saam te staan om 'n verskil te maak vir mekaar, die gemeente en die estetiese!!



Met 'n pragkaartjie is elkeen wat finansiële en andersins 'n bydrae maak tot die Vrouebediening na die 14 November-funksie uitgenooi. Wat 'n besondere afsluiting vir 'n jaar se saamstaan! Ja, letterlik iets van alles – geur, kleur, die wonderklank van musiek, 'n besondere verwelkoming met 'n "jy maak 'n verskil – geskenkie, en goeie geselskap.

Dankie aan elkeen wat hierdie bloedrooi kersie vreugdevol op die jaar se arbeid kom plaas het, want elkeen het by hernuwing gewet: ek kan 'n verskil maak!!!!



Kersversierings en die geklank van kersmusiek herinner

elkeen deeglik aan die tyd van die jaar – dis adventtyd in die jaar 2006!

Die wens van Die **Rietfluit Redaksie**

is dat die vreugdes en hartseer van die afgelope jaar trapstene na geluk en voorspoed in die komende jare sal wees.

